

19 September

Skrifgedeelte: Lukas 2:41-52

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 19

Twee nature en een Persoon

As daar ooit 'n kind was wie se ouers hom nie verstaan het nie, dan was dit Jesus. Hy was God en Josef en Maria het gedink Hy is net 'n mens. Hy wou in die dinge van sy hemelse Vader wees, hulle het waarskynlik gedink hy moet 'n skrynwerker word. Omdat Hy God is sien Jesus elke fout, elke verkeerde besluit en elke sonde van sy ouers raak. Jesus se lyding op aarde begin dus al in die ouerhuis. Hy neem die kruis, die hartseer, frustrasie en wanhoop van elke kind wat ooit vir sondige ouers gebore is op Hom. Juis daarvoor het Hy mens geword.

Jesus het egter ook vir ouers mens geword. Die kruis van ouerskap, kompleet met al sy kommer en sorge, neem Hy op Hom. Ook die grootste kommer van ouerskap, naamlik om kinders só op te voed dat hulle God leer ken en dien, neem Hy op Hom. As Josef en Maria Jesus dus saamneem Paasfees toe verdiep Hy Hom in sy taak en roeping voor God met 'n toewyding wat hulle nie verwag of begryp nie (vers 49). Sy insig is verbasend (vers 47), want dit is die insig van die PAASLAM sélf, Hy wat vir alle sondeskuld geslag sou word. So VERVUL Jesus as God EN mens die vyfde gebod. Om die nalatigheid van alle ouers en die opstandigheid van alle kinders voor God met sy gehoorsaamheid te bedek is Jesus bereid om drie dae dood te wees. Eers in die oë van sy ouers, later in die graf van Josef van Arimatea. Daarom kan dit ook vandag met jou en jou gesin goed gaan. Mag julle lank lewe in die land wat die Here julle God aan julle gegee het!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~